**SHVO bied suksesvolle internasionale konferensie aan**

Die Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys het vanaf 25-27 Maart 2015 die Vyfde Tweejaarlikse Konferensie oor Navorsing in Nagraadse Studieleiding aangebied. Die tema van die konferensie vanjaar was: *Looking ahead: the future of postgraduate supervision in the knowledge society.* In totaal het 156 afgevaardigdes die konferensie bygewoon van wie 21 buitelandse afgevaardigdes van die VK, Australië, Nieu Seeland, Swede, die Wes Indies en Nigerië. Dertien van die 26 publieke Suid-Afrikaanse hoër onderwysinstellings was verteenwoordig.

Vier uitstekende hoofreferate is gelewer deur prof Pam Denicolo van die VK, dr Claire Aitchison van Australië, prof Michael Samuel van UKZN en prof Johann Mouton van die US. Die program het 62 referate in parallelle sessies ingesluit asook ‘n vergadering van die direkteure van nagraadse skole/sentra met die oog op die stigting van ‘n Suid-Afrikaanse Vereniging van Nagraadse Skole/Sentra.

Een van die uitkomste van die konferensie is ‘n publikasie oor die konferensietema wat in 2016 sal verskyn.

Voor die konferensie, op 24 Maart, is een voldag en vier halfdag werkswinkels oor navorsing en nagraadse studieleiding aangebied. Die werkswinkels was baie gewild en is deur 20 personeellede van die Fakulteit bygewoon deur middel van befondsing wat deur die Visedekaan: Navorsing beskikbaar gestel is.